

Dié biografie van Afrikaans gaan inlig, skok én teleurstel.

Afrikaans behoort aan almal wat dit praat, skryf en liefhet

Titel: ***Halala Afrikaans***
 Skrywer: Daniel Hugo (redakteur)
 Subtitel: Die biografie van Afrikaans
 Uitgewer: Protea Boekhuis, Pretoria
 Bladsye: 175
 ISBN: 978-1-86919-292-1

Afrikaans is oor die afgelope drie eeue al baie dinge genoem: Afrikataal, kombuistaal, én witmanstaal, ondedrukkerstaal én bevrydingstaal. In hierdie “biografie van Afrikaans” wil die skrywers op ’n “funky”manier wys waar die taal vandaan kom, wie dit praat, skryf, gebruik en misbruik; dit wil oningeligtes inlig, ingeligtes verbaas en studente van die taal boei. Maar wat as dit nie verbaas nie? Of die lesers verveel?

Die titel bevestig dat dit hier om Afrikaans en sy voortbestaan gaan. Afrikaans, word gesê,¹ het sy beslag as taal gekry toe slawe van Asiese herkoms en slawe uit Afrika, sowel as die Khoekhoen-mense Hollands moes aanleer om in ’n groeiende kolonie in interaksie met hul meesters en met mekaar te kon oorleef en funksioneer. Dit is volgens kenners² die eenvoudigste en duidelikste stelling oor die herkoms van Afrikaans, ’n stelling waaroor almal wat belang het by die saak, kan saamstem.

Die boek se vernaamste bydrae is die nuwe feite wat aan die lig kom ter staving van bogenoemde standpunt. Die rasbehepthed met Afrikaans dateer meer as 100 jaar terug toe die taal deur “opgevoede” mense beskou is as ’n *hotnotstaal* (p.41). Daarom het ek die oordrewe klem op die verskillende soorte Afrikaans (Kaaps, Griekwa-, Swart-, versus standaardafrikaans) irriterend ervaar. In Jan Lion Cachet se gedig kla *boerenoi* (’n metafoor vir Afrikaans) dat hulle haar *uitkryt vir ’n hotnotsmyd maar my lippies wys waarvandaan ek kom* (p.33). Die rassistiese ondertoon is onmiskenbaar want daarmee ontken Lion Cachet die invloed van die Khoi-tale op Afrikaans.

Dit word beklemtoon dat “*Kaaps ’n taal (is),... nie ’n... snaaksigheid nie,*” (p.17) en steeds die godsdienstaal in die Moslemgemeenskap is (p.46). Jy lees dat die eerste Afrikaanse manuskrip die Moslems se Heilige *Qur’an* was, en Sjeg Abu Bakr se *madrassa* (Moslemskool) was die eerste skool om in Afrikaans klas te gee.

Dat Afrikaans deur die Afrikaner vir homself toegeëien is, en daarom as ’n *witmanstaal* bekend staan, blyk as Langehoven in chauvinistiese trant beweer: “Afrikaans is die één witmanstaal wat in Suid-Afrika gemaak is en nie oor die seewater gekom het nie” (p.40). Danksy sulke uitsprake sukkel Afrikaans om die stigma as *taal van die verdrukker* af te skud om sodoende as *taal van versoening* na vore te tree. Terloops, die eerste “Afrikaner”, Hendrik Biebouw, het homself so genoem omdat hy weens sy Duitse pa, Hollandse ma en swart halfsuster verward was oor sy identiteit (p.30). En ons verneem dat Afrikaans nie ’n voorvereiste was om ’n Afrikaner te wees nie soos blyk uit die lied van die Victoria College (later Stellenbosch Universiteit): “whatever be their nationality/ from the Orange to the Vaal/ speaking English or the Taal/ we are Africans all...” (p. 46).

¹ Groenewald, soos aangehaal deur Giliomee (2003) en Neville Alexander (2009).

² Sien Neville Alexander se referaat by die Roots-konferensie, 22 September 2009 by UWK.

Jy besef opnuut dat die bruin Afrikaanssprekende vir meer as 'n eeu 'n bywoner van sy eie taal was. Met die inwyding van die Taalmonument op Paarlberg, is 40 000 gaste genooi, maar die rol van die bruinmense was beperk tot twee orkeste. Die FAK kon nog nie veel bruin lede werf nie (p. 104), die ATKV kon hulself nog nie sover kry om 'n bruin direksielid te verkies nie en hul grondwet maak steeds nie voorsiening vir Moslems nie. Juis daarom vind ek die stilsweye oor die totstandkoming van die Afrikaanse Taalraad (ATR) jammer. Dis van belang vir almal wat Afrikaans ter wille is, omdat dit die eerste werklik verteenwoordigende Afrikaanse organisasie is.

En 100 jaar later het die Akademie nog nie die Hertzogprys aan 'n bruin letterkundige toegeken nie (p. 71). So, "Waar is Adam Small se Hertzogprys?" vra Breyten Breytenbach by die Akademie se 2008-toekenningsaand op Stellenbosch. Hierdie paternalistiese houding van die Afrikaner teenoor sy bruin broers het laasgenoemde gaandeweg van hul moedertaal vervreem. Gevolglik het baie van hulle, maar veral die middelklas, na Engels geëmigreer.

Die boek herrinner ons dat Afrikaans sedert sy ontstaan onder konstante bedreiging is van Engels. In 1893 skryf 'n jong en voortvarende CJ Langehoven onder die titel *English the future language of South Africa* dat "English is now virtually a universal language, its literature is studied and admired by all civilised countries" (p.38). Eina!

Die boek verwys breedvoerig na die sensuurwet (p.114): reeds in 1973 sou André P Brink die staatbestel uitdaag met sy roman *Kennis van die Aand* waarin die hoofkarakter die Ontugwet oortree deur 'n verhouding met 'n blanke meisie te hê. Ook die SA Akademie het sy verzet getoon deur Ettienne Leroux se *Magersfontein, o Magersfontein!* met die Hertzogprys te bekroon al was dit verban. Maar die hewigste kritiek het gekom van DJ Opperman: "Ons word verneder... Maar dis 'n kwade dag as jou owerheid oorlog verklaar teen sy skrywers. Daardie owerheid wen nooit nie." Profetiese woorde.

Die dubbele verwysing na die Voëlvrybeweging met André Letoit (Koos Kombuis) en Johannes Kerkorrel (Raph Rabie) aan die spits (p.117 en p.126) was steurend. Dit belig een van die gebreke in die boek: dat verskillende skrywers mekaar herhaal en dat die skryfstyl verskil. Jy het egter verwag dat 'n ervare redakteur dit sou raaksien. Die ruimte kon liefers aan Taliep Pietersen se bydrae tot Afrikaanse musiek afgestaan word.

Die boek kon meer erkenning gee aan instansies wat getransformeer het. Dit sou meer sinvol wees om te skryf oor die Taalmuseum se Matthew Phosa-lesings, pleks van te romantiseer oor SMS-taal. Van monumente gepraat, die een op Paarlberg is nie die enigste nie. Die eerste een is reeds in 1873 op Burgersdorp opgerig!

En die afskeep van Afrikaans op die terrein van die Natuurwetenskappe, Ingenieurswese en Tegnologie is jammer. Dis die een terrein waar Afrikaans 'n enorme bydrae gemaak het.

Dus: as biografie van Afrikaans stel die boek teleur, daar is net te veel weglatings. Waarin die boek wel slaag, is om opnuut daarop te wys dat in tye van voorspoed én teenspoed Afrikaans bewys het dat dit 'n lewenskragtige, skeppende en nuttige taal is, soos meesterlik verwoord deur Jan Rabie:

Afrikaans is die grootste nie-rassige prestasie in ons Suiderland sover. Gesamentlik geskep deur mense van drie vastelande – Afrika, Asië en Europa. En daarom is dit nie die besit van eensydige politieke partye nie, maar behoort dit aan almal wat dit praat, skryf en liefhet. En daarom ook is my taal my beste wapen teen rassisme (1992).

Of dit genoeg gaan wees om die aanslae te oorleef, sal net die tyd ons leer.

Michael le Cordeur

Departement Kurrikulumstudie (Afrikaans)
Fakulteit Opvoedkunde, Stellenbosch